testpapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

# PROVINSIALE EKSAMEN

# NOVEMBER 2020

# GRAAD 9

# EKONOMIESE EN BESTUURS-WETENSKAPPE

EXEMPLAR

**TYD:** 1½ uur

**PUNTE:** 100

**10 bladsye**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Hierdie vraestel bestaan uit Afdeling A, B, C en D is gebaseer op die inhoud van die aangepaste KBVA dokument asook die Omsendskrywe S2 en S3 van 2020.

**AFDELING A: ALLE ONDERWERPE**

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 1.1: | Meervoudigekeuse vrae | (10) |
| VRAAG 1.2: | Voltooi die sinne | (5) |
| VRAAG 1.3: | Pasitems | (10) |
| | | **[25]** |

**AFDELING B: DIE EKONOMIE**

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 2: | Prysteorie | (14) |
| | | **[14]** |

**AFDELING C: FINANSIËLE GELETTERDHEID**

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 3: | Joernale en die Rekeningkundige Vergelyking | (28) |
| VRAAG 4: | Grootboeke | (15) |
| | | **[43]** |

**AFDELING D: ENTREPRENEURSKAP**

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 5: | Besigheidsplan | (18) |
| | | **[18]** |

1. Al die vrae is verpligtend.

2. Beantwoord al die vrae in die ANTWOORDBOEK wat voorsien word.

3. Skryf netjies en leesbaar.

EXEMPLAR

EXEMPLAR

**AFDELING A: ALLE ONDERWERPE**

**VRAAG 1**

1.1 **MEERVOUDIGEKEUSE VRAE**

Verskeie opsies word verskaf as moontlike antwoorde vir die volgende vrae. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDBOEK wat verskaf is.

1.1.1 Volgens die Wet van Vraag, is daar ŉ … verhouding tussen prys en die hoeveelheid gevra.

A positiewe
B direkte
C negatiewe
D nie-bestaande (2)

1.1.2 Watter een van die volgende besighede kan as ŉ handelsonderneming geklassifiseer word?

A Sinclair Prokureurs en Vennote
B Sunshine Spaza Winkel
C Groen Vinger Tuindienste
D Silky Sleek Skoonheidsalon (2)

1.1.3 Die kosprys van goedere is R4 520 en die winsopslag is 15%. Bereken die verkoopsprys.

A R3 930,43
B R678,00
C R5 198,00
D R4 535,00 (2)

1.1.4 Die naam, kenteken, slagspreuk en voorbereidingsdatum moet verskyn op/in die … van ŉ besigheidsplan.

A bemarkingsplan
B inleiding
C opsomming
D voorblad (2)

1.1.5 ŉ Persoon wat goedere en dienste lewer en betaling op ŉ latere stadium verwag.

A Krediteur
B Verbruiker
C Debiteur
D Rekenmeester (2)

**[10]**

1.2 **VOLTOOI DIE SINNE**

Gebruik die woorde in die woordbank om die volgende sinne te voltooi. Skryf slegs die antwoord langs die korrekte vraagnommer neer in die ANTWOORDBOEK.

| |
|---|
| gedebiteur ; aanbod; Algemene Grootboek; produksieplan; gekrediteer; debiteurekontrole; hoeveelheid aangebied; hulpjoernaal; opsomming; bank |

1.2.1 Die vierde stap in die rekeningkundige siklus is die voltooiing van ...

1.2.2 ŉ Verandering in prys sal lei tot ŉ verandering in die ...

1.2.3 Die totaal van die debiteurelys moet altyd gelyk wees aan die saldo van die … rekening.

1.2.4 Wanneer ŉ debiteur nog kredietaankope maak, sal sy individuele rekening … word.

1.2.5 Die … dui aan waar die onderneming die roumateriale vandaan kry wat benodig word om die goedere te produseer wat hulle verkoop.

**[5]**

1.3 **PASITEMS**

Kies ŉ term in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – H) langs die vraagnommer (1.3.1 tot 1.3.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Wanneer die eienaar geld neem vir persoonlike gebruik | A | Wet van Aanbod |
| 1.3.2 | Wanneer die prys toeneem, sal die hoeveelheid gevra afneem | B | Lening |
| 1.3.3 | Die brondokument vir kredietverkope | C | SSGB Analise |
| 1.3.4 | Alle inkomste- en uitgawerekeninge word in hierdie afdeling gevind | D | Faktuur |
| 1.3.5 | ŉ Lys van aspekte wat ŉ invloed op die sukses van die onderneming kan hê | E | Wet van Vraag |
| | | F | Ontrekkings |
| | | G | Besigheidsplan |
| | | H | Nominale Rekeninge |

**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 25**



EXEMPLAR

## AFDELING B: DIE EKONOMIE

## VRAAG 2: PRYSTEORIE

2.1 Gedurende die onlangse pandemie, het meer en meer entrepreneurs ontstaan. Die regering het wetgewing uitgereik wat die dra van maskers verpligtend maak en verklaar dat die gereelde was van hande een van die beste maniere is om die verspreiding van die virus te bekamp.

Die onderstaande tabel verteenwoordig ŉ vraag- en aanbodskedule vir koekies seep by die plaaslike supermark.

| **Prys ( R )** | **Hoeveelheid gevra** | **Hoeveelheid aangebied** |
|---|---|---|
| 5 | 60 | 10 |
| 10 | 55 | 20 |
| 15 | 40 | 25 |
| 20 | 30 | 30 |
| 25 | 25 | 45 |
| 30 | 15 | 50 |







2.1.1 Teken ŉ vraag- en aanbodgrafiek op dieselfde asstelsel deur gebruik te maak van die inligting in die bostaande skedule.
Onthou om jou grafiek te benoem, ŉ opskrif te verskaf en ewewig aan te dui. (7)

2.1.2 Identifiseer die ewewigsprys en ewewigshoeveelheid. (4)

2.2 Definieer die “Wet van Aanbod”. (2)

2.3 Dui aan of die volgende stelling Waar of Vals is.

As die prys van ŉ koekie seep R30 is, sal daar ŉ surplus koekies seep beskikbaar wees. (1)
**[14]**

**TOTAAL AFDELING B: 14**

EXEMPLAR

## AFDELING C: FINANSIËLE GELETTERDHEID

## VRAAG 3: JOERNALE- EN REKENINGKUNDIGE VERGELYKING

Gebruik die onderstaande transaksies om die Joernale van Seven Eleven Supermark vir die maand November 2020 voor te berei.

3.1 Kontantontvangstejoernaal (6)

3.2 Kontantbetalingsjoernaal (4)

3.3 Debiteurejoernaal (4)

3.4 Krediteurejoernaal (2)

*Moenie die joernale aan die einde van die maand afsluit nie.*

*Die besigheid maak gebruik van 'n 25% winsopslag.*

**<u>Transaksies</u>**

6 Die kasregister wys 'n kontantontvangste van R 5 600 vir goedere verkoop.

11 Goedere verkoop op krediet aan R. Beer vir R 3 200.
Faktuur 22 is uitgereik.

17 Koop voorraad op krediet aan van Popeye Wholesalers vir R 5 670.
Die faktuur is hernommer na 29.

19 Goedere verkoop op krediet aan M. Dladla vir R 4 000.

21 'n Debiteur, R. Beer, betaal R 3 200 om al haar skuld te delg.
Kwitansie 541 is uitgereik.

Kontantverkope vir die dag, R 1 500.

25 Betaal die bedrag verskuldig aan Popeye Wholesalers.
Tjek 334 word uitgereik.

29 Reik 'n kontanttjek uit om vir herstelwerk te betaal, R 3 300.

***

3.5 Analiseer die onderstaande transaksies om die effek op die Rekeningkundige Vergelyking aan te dui.

3.5.1 Die kasregister wys 'n kontantinkomste van R 5 500 vir kontantverkope van goedere. Die winsopslag was 10%.

3.5.2 Koop goedere op krediet van NetStar vir R 6 800. (12)

**[28]**

EXEMPLAR

## VRAAG 4: GROOTBOEKE

4.1 Bestudeer die gedeeltelik voltooide Debiteure Grootboek en beantwoord die vrae wat volg.

**Debiteure Grootboek van Oakland Meubels**

**Frances Lyons** **D1**

| Datum | | Besonderhede | Fol | Debiet | | Krediet | | Saldo | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2020 Nov | 1 | Rekening gelewer | | | | | | 2 400 | 00 |
| | 4 | Faktuur 34 | DJ | **(A)** | | | | 3 900 | 00 |
| | 9 | Kwitansie 19 | **(B)** | | | 1 000 | 00 | 2 900 | 00 |
| | | | | | | | | **(C)** | |

4.1.1 Identifiseer die debiteur. (2)

4.1.2 Bereken die bedrag vir A. (2)

4.1.3 Voltooi die folio verwysing vir B. (2)

4.1.4 Die debiteur het nog goedere aangekoop op krediet ter waarde van R800. Bereken die nuwe saldo by **C** deur slegs die bedrag aan te dui. Geen berekeninge hoef getoon te word nie. (2)

4.2 Bestudeer die inligting van Luthuli Traders.

**GEVRA:**

4.2.1 Boek die relevante totale van die volgende joernale oor na die Handelsvoorraadrekening in die Algemene Grootboek.

4.2.2 Balanseer die rekening aan die einde van April 2020. (7)

EXEMPLAR

**INLIGTING**

Openingsaldo: Handelsvoorraad: R54 305

Kontantontvangstejoernaal van Luthuli Traders vir April 2020 KOJ4

| Dok nr. | Dag | Besonder-hede | Fol | Ontleding van ontvangste | Bank | Verkope | Koste van verkope | Diverse Rekeninge | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | Bedrag | Fol | Besonder-hede |
| | | | | | 42 400 | 15 800 | 9 500 | 17 100 | | |

Kontantbetalingsjoernaal van Luthuli Traders vir April 2020 KBJ4

| Dok nr. | Dag | Naam van begunstigde | Fol | Bank | Handels-voorraad | Krediteure-kontrole | Diverse Rekeninge | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | Bedrag | Fol | Besonder-hede |
| | | | | 28 578 | 10 468 | 6 400 | 11 710 | | |

Krediteurejoernaal van Luthuli Traders vir April 2020 KJ4

| Dok nr. | Dag | Besonderhede | Fol | Krediteure-kontrole | Skryf-behoeftes | Handels-voorraad | Diverse Rekeninge | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | Bedrag | Fol | Besonder-hede |
| | | | | 2 457 | 574 | 1 590 | 293 | | |

**[15]**

**TOTAAL AFDELING C: 43**

EXEMPLAR

## AFDELING D: ENTREPRENEURSKAP

## VRAAG 5: BESIGHEIDSPLAN

**Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.**

**Die Kombersdame – 'n Inspirerende Storie**



Elvina Presley is 'n smous in die middestad van Johannesburg wat komberse verkoop. Sy is baie trots daarop dat haar kliënte elke aand lekker warm kan slaap! Van jongs af het sy daarvan gedroom om 'n entrepreneur te word en haar begeerte het uiteindelik vrugte afgewerp. " Die geld wat ek in die week maak, is genoeg om alles te koop wat ek nodig het. Dit was nie altyd so maklik nie. Aan die begin het ek nie een kliënt gehad nie," het sy bygevoeg.

Maar haar dryfkrag, deursettingsvermoë en harde werk het gehelp. Alhoewel verkope steeds goed is, is daar daagliks meer smouse wat ook komberse verkoop in dieselfde area en die onlangse pandemie het ook nie gehelp nie. Maar sy het aangedui dat haar komberse van 'n baie hoër kwaliteit is.

"Dit is tyd dat ek my besigheid uitbrei. Mense van Alberton, Springs en Krugersdorp kom om van my komberse te koop," het sy trots gesê met 'n glimlag op haar gesig. Maar sy erken ook dat sy finansiële hulp nodig het. "Ek weet van al die rekeninge wat ek sal moet betaal, maar koste vir advertensies, huurgeld vir my stoorkamer en die betaling van werknemers, is 'n bietjie uitdagend!"

[Bron: Onbekend]

5.1 Lys EEN persoonlikheidseienskap uit die uittreksel wat Elvina Presley het, wat van haar 'n suksesvolle entrepreneur kan maak. (1)

5.2 Noem EEN aspek wat sy aan die begin uitdagend gevind het. (1)

5.3 'n SSGB Analise moet saamgestel word vir Elvina. Lys 'n sterk punt, 'n swak punt, 'n geleentheid en 'n bedreiging wat genoem word vir Elvina se onderneming volgens die uittreksel. (4 x 1) (4)

5.4 **As Elvina haar besigheid wil uitbrei, benodig sy ŉ besigheidsplan.**

5.4.1 Definieer die term "besigheidsplan". (2)

5.4.2 Verskaf EEN rede hoekom ŉ besigheidsplan belangrik is. (1)

5.4.3 Die finansiële plan is een van die belangrikste komponente van ŉ besigheidsplan. Lys die VIER ander komponente wat ŉ besigheidsplan moet bevat. (4)

5.5 **Die finansiële plan van die besigheid sluit die vaste koste, veranderlike koste, winsopslag persentasies en gelykbreekpunte in.**

5.5.1 Identifiseer EEN vaste koste en EEN veranderlike koste volgens die uittreksel. (2)

5.5.2 Verduidelik en gee jou opinie oor die belangrikheid van die finansiële plan as deel van die besigheidsplan. (3)

**TOTAAL AFDELING D: 18**

**TOTAAL: 100**

**EINDE**

EXEMPLAR